Daily Based
DailyBased.com

Cambridge International AS Level

Cambridge International Examinations
Cambridge International Advanced Subsidiary Level

FIRST LANGUAGE AFRIKAANS **8779/02**

Paper 2 Reading and Writing **October/November 2017**

INSERT

1 hour 45 minutes

2849888964 6–I

READ THESE INSTRUCTIONS FIRST

This Insert contains the reading passages for use with the Question Paper.

You may annotate this Insert and use the blank spaces for planning.
This Insert is **not** assessed by the Examiner.

LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES

Hierdie boekie bevat die leestekste wat saam met die vraestel gebruik moet word.

Jy mag aantekeninge in hierdie boekie maak en die spasies gebruik om jou antwoorde te beplan.
Hierdie boekie word **nie** deur die eksaminator nagesien **nie**.

This document consists of **3** printed pages and **1** blank page.

DC (KS) 155571
© UCLES 2017

CAMBRIDGE International Examinations

[Turn over

Daily Based
DailyBased.com

AFDELING 1

Lees **Teks 1** en beantwoord dan **vrae 1**, **2** en **3** in jou vraestel.

Teks 1

Afrikaans in die buiteland

Is dit nog lekker om die woord “lekker” te sê as niemand jou verstaan nie? Afrikaners oorsee vertel hoe hulle dit maak werk.

Elmari en Rudi van Zyl en hulle kinders het in 2008 na Australië verhuis. Volgens Elmari het die kinders Afrikaans al onder die knie gehad, maar het Engels vinnig aangeleer. In die huis word Afrikaans gepraat, nogtans word die kinders se huiswerk in Engels aan hulle verduidelik. “Soos die meeste Afrikaners, was dit vir ons belangrik dat ons kinders Engels magtig moet wees in ’n Engelssprekende land. Dit beteken egter nie dat Afrikaans vergete bly nie,” sê Elmari. “Ons lees Afrikaanse stories en ons vriende is Afrikaans. Ons leer ons kinders Afrikaanse waardes en tradisies en ons woon ook een maal ’n maand ’n Afrikaanse kerkdiens by. Daar word in Afrikaans gekuier, gekamp en geleef.”

Fanie en Michelle van der Merwe het in 2000 met hulle seuntjie Ben na Engeland geëmigreer. Fanie voel dat Afrikaans hom “definieer”. “Dis die taal waarin ek droom, leef en my persoonlikheid na vore kom,” sê hy. Hy kan homself nie indink om in ’n ander taal met sy seun te kommunikeer nie. As gevolg daarvan praat hulle net Afrikaans met Ben. Hulle vriende is ook Afrikaans en hulle het tonne Afrikaanse boeke in hulle huis. Fanie lees ook daagliks koerante, luister na Afrikaanse musiek en skryf ook rubrieke vir ’n Suid-Afrikaanse tydskrif. Daarteenoor is dit ook ’n prioriteit dat Ben goed Engels kan praat: “Dit is van uiterste belang dat ons seun goed met sy vriende, onderwysers en die algemene publiek kan kommunikeer.” Maar terwyl hulle vir Ben gaan ondersteun om Engels magtig te wees, sal Afrikaans altyd vir hulle koning kraai!

Magda en haar man Claude du Preez het in 1999 na Kanada verhuis. Hulle seun Francois is daar gebore. Magda sê: “Francois verstaan Afrikaans en praat so af en toe sinne in Afrikaans, maar hy is nou verengels.” Hulle mis Afrikaans en dit sal altyd deel van hulle identiteit bly, maar voel dat dit belangrik is om jouself te vereenselwig met jou nuwe kultuur. “Moenie te veel aan iets vasklou wat jy nie kan verander nie. Of dit nou die Tandemuis of Tooth Fairy is wat die tande kom haal, maak dit nie saak nie. Dis ook pret om deel te wees van die Kanadese taal en kultuur,” sê hulle. “Taal maak nie saak nie, die skoen pas goed!”

© UCLES 2017

Daily Based
DailyBased.com

AFDELING 2

Lees **Teks 2** en beantwoord dan **vrae 4** en **5** in jou vraestel.

Teks 2

Suid-Afrika en Afrikaans

"Afrikaans sterf nie uit nie; inteendeel dit word bevorder!" So voel prof. Tessa Dowling oor Afrikaans. Dowling is van mening dat Afrikaans as moedertaal sonder enige twyfel sal oorleef, aangesien die taal 'n baie sterk identiteit ontwikkel het. "Afrikaans kon nog altyd aanpas, omdat dit 'n lewende taal is met baie intellektuele mense wat hard werk om seker te maak dat die taal nie uitsterf nie," sê sy. Sy voel dat daar steeds belang in en trots op die taal is. "Mense identifiseer met Afrikaans om nie hul kultuur te verloor nie."

Evelyn Ferreira, senior bestuurder van Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging, stem saam met Dowling. "Al groei die taal, is dit 'n aanhoudende proses om dit aan die gang te hou. Daar is groot fokus op skole om die taal te versterk, dit is waar die liefde vir die taal verder as die huis gevoer word. Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging lê klem daarop dat almal skouer aan die wiel moet sit om Afrikaans te bevorder. As ouers, onderwysers en kinders saamwerk, kan Afrikaans nie uitsterf nie." Ferreira voel dat die volgende dinge die taal kan bevorder: "Maak seker dat Afrikaanssprekende kinders na Afrikaanse skole toe gaan. Behou Afrikaans as publikasietaal in koerante, tydskrifte en boeke en ondersteun dit verder deur hierdie leesstof aan te koop. Luister na Afrikaanse musiek en raak betrokke by Afrikaanse geleenthede soos kerkdienste, feeste, opvoerings en so meer."

Daar is immers soveel mense wat 'n liefde vir Afrikaans het en wil veg vir die vooruitgang van die taal, dat Afrikaanssprekendes hulle pogings moet ondersteun. Nog 'n Afrikaanse liefhebber, prof. Carstens, glo om Afrikaans se voortbestaan te verseker moet ons Afrikaans in al sy funksies gebruik, byvoorbeeld in ons huise, die werksplek, kerke, howe en waar mense ontspan. Gee van jou tyd of geld om Afrikaanse projekte te ondersteun. "Ons moet trots wees op ons taal, maar moet ook beleef wees teenoor sprekers van ander tale en hulle kulture. Deur ook wedersydse respek te toon sal Afrikaans van krag tot krag gaan."

Afrikaans is aan die groei en moet gevier word. Die toekoms is baie rooskleurig!

Daily Based
DailyBased.com

BLANK PAGE

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge International Examinations Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cie.org.uk after the live examination series.

Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.

© UCLES 2017